# 202. EK WIL YAHSHUA LOOF EN PRYS

```
   G         C    G
1. Ek wil Yahshua loof en prys
    C      Am    D
   solank as ek nog leef;
     G         C        G
   aan Hom my dank en eer bewys
     C      D     G
   omdat Hy my vergeef.
        B7             Em
   Nooit kan ek Hom vergoed nie,
     A                D
   Hy gee my nooit te min.
     G        C           G
   Ek sing dus steeds my lofgesang
       C        D     G
   aan Hom wat my bemin.

   G        C      G
2. Ek wil dit wyd en syd vertel:
    C      Am    D
   Yahshua sorg vir my.
     G     C       G
   Hy het dit in Sy Woord beloof –
     C      D      G
   net Hy, Yahweh vir my.
     B7            Em
   In angste, laste, sorge,
    A              D
   in vreugde en in rou
     G      C         G
   kan ek Sy waarborg steeds onthou:
       C      D     G
   Jou Herder sorg vir jou.

   G         C    G
3. Ek wil Yahshua loof en prys
    C      Am   D
   solank ek asemhaal.
     G      C       G
   Ek wil my dank en eer bewys
    C    D  G
   in blye jubeltaal.
     B7                  Em
   Ek buig voor Hom so dikwels
     A         D
   as arme bedelaar,
     G      C       G
   en Hy hou aan met gee en gee;
     C          D     G
   ek sing: Hy’s wonderbaar!
```